430. E3. 7.1 (1)

Antwoorde van vrae vir kampusnuus:

Antwoorde:

1. Vanaf my doseerjare, beginnende by Stellenbosch, was my intellektuele en waarde fokus op die onaanvaarbaarheid en onhoudbaarheid van Apartheid as amptelike ideologie vir Suid-Afrika. Geleidelik is ek ingetrek in verskeie pogings, gesprekke en georganiseerde aksies om die bogenoemde standpunt uit te brei en meer mense te betrek. Sodoende het ek 'n redelike verskeidenheid insette gekry wat my analises help vorm het. Gevolglik betrek 'n verskeidenheid organisasies en besighede my nou om my opinie te vra.

2. Die Dakar besoek is gereël omdat ons in IDASA van mening was dat houdings in Suid-Afrika gepolariseer het tussen Apartheid en Bevryding, oftewel onderdrukking en weerstand. Ons het geglo voordat enige sinvolle onderhandeling kon plaasvind, daar dialoog tussen die kampe moet wees. Dakar was nie die eerste poging tot sodanige dialoog nie. In die tussentyd het ons heelwat gespreksgeleenthede gereël tussen jong Afrikaans- en Engelssprekendes met jeug van plakkerskampe. Ook was Dakar nie die enigste byeenkoms nie – daar was ook Ghana, Nigerië, Lusaka, Harare, Burkino Faso ensovoorts.

3. Ja, dit is hoofsaaklik reg. Die aanname dat as jy sinvol betrokke raak om geërfde probleme aan te spreek, regstellende aksie inhoud sal kry en nie net 'n gespreksonderwerp sal bly nie.

4. Nie as net die pad vorentoe nie, maar 'n belangrike een van verskeie.

5. Ek het nog nooit gesmag daarna om iemand se skoene vol te staan nie. Elkeen het sy eie gawes en beperkinge. Ek sal na die beste van my vermoë my beskeie talente gebruik om in hierdie nuwe rol bruikbaar te wees vir my universiteit.

6. Ek was 'n Wilgenhoffer as Matie en dit, in 1960, was 'n lewensveranderende ervaring. Vandag lyk dit heelwat rustiger daar. As dosent vanaf 1964 was ek verdiep in my studies en nie soseer bewus dat ek as oud-Matie studeer het nie. Ek kan wel sê, na ek by Wits, Ikey en Rhodes klasgegee het, ek die grootste mate van akademiese vryheid op Stellenbosch ervaar het. Sommiges in belangrike posisies het nie gehou van wat ek sê nie, maar die universiteit self het dit nooit vir my moeilik gemaak nie.

7. Dit was maar net pogings om amptelike indoktrinasie te ondermyn.

8. Nee, ek was redelik in altwee, nooit goed nie. Vra maar vir die een wie ek mee gekompiteer het.

9. Die Goree Institute in Senegal, The Open Society Initiative for Southern Africa, en The Institute for a Democratic Alternatives in Zimbabwe (IDAZIM) is almal maar

voortvloeisels van die oorspronklike IDASA/Dakar gebeure. Met ander woorde, pogings om gesprek en dialoog oor "oop" en demokratiese samelewings in Afrika te bevorder.

10. Vol buitengewone uitdagings wat my nooit met rus sal laat nie.

11. Daar is geen wonderformule nie, maar een ding wat baie sal help: moenie vir jouself lieg of jouself bluf nie.